Vrydag 9 Augustus

**Skrifgedeelte: Psalm 89:7-15**

**Fokusgedeelte: Psalm 89:7-15 (AFR83)**

**Vind jou troos en beskerming by God**

Baie mense sien hulleself as slagoffers van magsmisbruik, misdaad, korrupsie, geweld, oneffektiewe regeringstrukture. Hulle voel weerloos en uitgelewer, slagoffers van die situasie. Vreugde en vrede is skaars in hulle lewens. Soveel voel onveilig, onseker. Hulle is opsoek na ankers en beskerming.

Waar moet jy beskerming soek in hierdie tyd? Daar is net één plek: by God. Hy is God. Niks en niemand kan met Hom vergelyk word nie. Daar is selfs in die hemelse vergadering heilige ontsag vir Hom. Sy krag is groot. Sy trou oral. Hy heers nie net in die hemel nie, maar ook hier op aarde. Hy heers selfs oor die see en het die seemonster Rahab verslaan. Seemonsters was ’n simbool van krag in die antieke tyd. Rahab was beeld van Egipte waaruit God hulle wonderdadig gelei het.

Nader: God is skepper van alles, jou ingesluit. Sy heerskappy is gebou op reg en geregtigheid.

Liefde en trou is kenmerkend van wat God doen en verwag. Jy is immers na sy beeld, as sy verteenwoordiger geskape.

Kyk hoe groot is God se liefde vir jou. Hy het jou nie in jou sondenood gelaat nie. Hy het Jesus Christus gestuur om jou met Hom te versoen en jou deel van sy huigesin te maak. Hy gee aan jou krag deur die Heilige Gees om in geloof aan hom vas te hou.

Hy is by jou in hierdie stukkende wêreld. Hy verwag van jou liefde en trou. Jy is immers beeld en verteenwoordiger van God.

*Sing: Psalm 91-1:1, 6*

*Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)*